

Donderdag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:11

Hou in geloof aan Jesus vas totdat Hy kom, met die wete dat jy die oorwinnaarskroon sal ontvang

Hier in Filadelfia ontmoet ons 'n groepie Christene wat weens hulle geloof geteister word. In hierdie brief bemoedig Jesus hulle om in hulle geloof te volhard sodat hulle nie hulle “kroon”, dit wil sê die ewige lewe, verloor nie.

Die brief begin met die belofte dat niemand die deur na God se Koninkryk vir hulle kan toesluit nie, omdat God dit self vir hulle oopgesluit het. Alhoewel hulle krag min is, het hulle steeds aan die boodskap van verlossing vasgehou en Jesus nie verloën nie.

Die verdere belofte wat hulle ontvang, is dat Jesus hulle in die tyd van beproewing sal vashou en dat hulle vervolgers hulle nie sal oorwin nie. Inteen-deel, hulle sal erken dat Jesus die gelowiges liefhet. Hulle volharding in geloof sal verseker dat hulle pilare in die nuwe Jerusalem sal word wat met die Naam van God as sy eiendom gemerk is.

Hierdie is 'n brief van troos om gelowiges te bemoedig in tye van beproewing. Ook ons word vir ons geloof vervolg en beproef. In die oë van die wêreld word Christene beskou as die eienaardiges wat kontak met die realiteit verloor het. Daarom word ons ook aangemoedig om in geloof vas te hou dat Jesus Christus die Seun van God, die opgestane Here en Verlosser is. Die Here vra nooit meer as wat Hy reeds gegee het nie. Hy vra van ons geloof en om daarin te volhard. Daarom gee die Heilige Gees vir ons die geloof wat Hy vra en ook die Nagmaal om ons geloof te versterk, sodat ons enduit in geloof kan volhard.

Vind jou troos in die Nagmaal sodat jou geloof versterk kan word. Hou in geloof aan Jesus vas totdat Hy kom, met die wete dat jy die oorwinnaarskroon sal ontvang.

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5

Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)